




Hierdie SARS-belastingsakgids verskaf 'n oorsig van die belangrikste inligting ten opsigte van belasting, heffings en regte vir 2025/26.

INKOMSTEBELASTING: INDIVIDUE EN TRUSTS

Belastingkoerse van 1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026:

Individue en spesiale trusts

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers
1 – 237 100	18% van belasbare inkomste
237 101 – 370 500	42 678 + 26% van belasbare inkomste bo 237 100
370 501 – 512 800	77 362 + 31% van belasbare inkomste bo 370 500
512 801 – 673 000	121 475 + 36% van belasbare inkomste bo 512 800
673 001 – 857 900	179 147 + 39% van belasbare inkomste bo 673 000
857 901 – 1 817 000	251 258 + 41% van belasbare inkomste bo 857 900
1 817 001 en hoër	644 489 + 45% van belasbare inkomste bo 1 817 000

Kortings

Primêre	R17 235
Sekondêre (persone 65 jaar en ouer)	R9 444
Tersiêre (persone 75 jaar en ouer)	R3 145

Ouderdom

Onder ouderdom van 65 jaar	R95 750
Ouderdom van 65 tot onder 75	R148 217
Ouderdom 75 en ouer	R165 689

Belastingdrumpel

Trusts buiten spesiale trusts: belastingkoers 45%

Voorlopige belasting

'n Voorlopige belastingpligtige is enige persoon wat inkomste by wyse van besoldiging vanaf 'n ongeregistreerde werkgewer verdien, of inkomste wat nie besoldiging of 'n toelaag of voorskot betaalbaar deur die persoon se prinsipaal is nie. 'n Individue word nie vereis om voorlopige belasting te betaal indien die individu geen sake bedryf nie en die individu se belasbare inkomste -

- nie die belastingdrumpel vir die belastingjaar sal oorskry nie; of
- uit rente, dividende, buitelandse dividende, huurinkomste uit die verhuring van vaste eiendom, en besoldiging vanaf 'n ongeregistreerde werkgewer wat R30 000 of minder vir die belastingjaar sal wees.

Afgestorwe boedels word nie as voorlopige belastingpligtiges geag nie.

Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele

Belasbare Inkomste (R) Belastingtarief

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers
1 – 27 500	0% van belasbare inkomste
27 501 – 726 000	18% van belasbare inkomste bo 27 500
726 001 – 1 089 000	125 730 + 27% van belasbare inkomste bo 726 000
1 089 001 en hoër	223 740 + 36% van belasbare inkomste bo 1 089 000

Uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel (enkelbedrag X) is gelyk aan:

- Die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van enkelbedrag X, plus alle ander uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007, en alle skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011; minus
- Die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval voor enkelbedrag X vanaf Maart 2009, alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007, en alle skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011.

Uittreefonds-enkelbedragvoordele of skeidingspakketvoordele

Belasbare Inkomste (R)	Belastingtarief
1 – 550 000	0% van belasbare inkomste
550 001 – 770 000	18% van belasbare inkomste bo 550 000
770 001 – 1 155 000	39 600 + 27% van belasbare inkomste bo 770 000
1 155 001 en hoër	143 550 + 36% van belasbare inkomste bo 1 155 000

Uittreefonds-enkelbedragvoordele bestaan uit enkelbedrae uit 'n pensioen-, pensioenbewaring-, voorsorg-, voorsorgbewaring- of uittree-annuïteitsfonds met afsterwe, uittrede of beëindiging van indienshouding as gevolg van die bereiking van die ouderdom van 55 jaar, siekte, ongeluk, besering, onbevoegdheid, oortolligheid of die beëindiging van die werkgewer se bedryf.

Skeidingsvoordele bestaan uit enkelbedrae vanaf, of per ooreenkoms met 'n werkgewer na gevolg van die afstanddoening, beëindiging, verlies, repudiasie, kansellasië of wysiging van 'n persoon se kantoor of indienshouding.

Belasting op 'n bepaalde uittreefonds-enkelbedragvoordeel of 'n skeidingsvoordeel (enkelbedrag of skeidingsvoordeel Y) is gelyk aan:

- Die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van bedrag Y, plus alle ander uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval vanaf Oktober 2007 en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009 en alle ander skeidingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2011; minus
- die belasting bepaal deur die toepassing van die belastingtabel tot die somtotaal van alle uittreefonds-enkelbedragvoordele wat toeval voor enkelbedrag Y vanaf Oktober 2007, en alle uittreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordele wat toeval vanaf Maart 2009, en alle skeidingsvoordele wat toeval voor skeidingsvoordeel Y vanaf Maart 2011.

Spaargeldonttrekkingvoordele

Op 1 September 2024, is 'n nuwe uittreestelsel bekendgestel wat lede se uittreespaargeld tussen 'n uittree-, 'n spaar- en 'n gevestigde komponent allokeer. Enige onttrekking uit die spaarkomponent word teen die lid se marginale belastingkoers belas.

Dividende

Dividende deur individue vanaf Suid-Afrikaanse maatskappye ontvang word oor die algemeen van inkomstebelasting vrygestel, maar dividendbelasting teen 'n koers van 20% word deur die entiteite, wat die dividende aan die individue betaal, teruggehou. Dividende deur Suid-Afrikaanse inwonende individue uit REITs (gelysde en gereguleerde eiendom-besittende maatskappye) ontvang is aan inkomstebelasting onderhewig, en nie-inwoners in ontvangs van sodanige dividende is slegs aan dividendbelasting onderhewig.

Buitelandse Dividende

Meeste buitelandse dividende deur individue vanaf buitelandse maatskappye (aandeelhouing van minder as 10% in die buitelandse maatskappy) ontvang is teen 'n maksimum effektiewe koers van 20% belasbaar. Geen aftrekkings is toelaatbaar vir uitgawes om buitelandse dividende te produseer nie.

Rente-vrystellings

Rente van 'n Suid-Afrikaanse bron deur enige natuurlike persoon onder die ouderdom van 65 jaar verdien, of 'n boedel van 'n afgestorwe persoon, tot en met R23 800 per jaar, en persone van 65 jaar en ouer, tot en met R34 500 per jaar, is van inkomstebelasting vrygestel. Rente deur nie-inwoners verdien wat nie in Suid-Afrika teenwoordig is vir meer as 183 gedurende die 12-maandetydperk voor die rente toeval of ontvang is nie, en die rentedraende skuld is nie effektiewelik verbonde aan 'n permanente instelling (soos 'n vaste plek van besigheid) in Suid-Afrika nie, is van inkomstebelasting vrygestel.

Aftrekkings

Uittreefondsbydraes

Bedrae wat tot pensioen-, voorsorg- en uittree-annuïteitsfondse gedurende 'n jaar van aanslag bygedra is, is deur lede van sodanige fondse aftrekbaar. Bedrae deur werkgewers bygedra en as byvoordele belas, word as bydraes deur die individuele werknemers hanteer. Die aftrekking is beperk tot 27.5% van die grootste van die bedrag besoldiging vir werknemersbelastingdoeleindes of belasbare inkomste (beide uitsluitend uittreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele). Die aftrekking is verder beperk tot die laagste van R350 000 of 27.5% van belasbare inkomste, voor die insluiting van belasbare kapitaalwins. Enige bydraes wat die beperkings oorskry word oorgedra na die onmiddellike volgende jaar van aanslag, en word geag as bygedra in sodanige volgende jaar. Die bedrae oorgedra word verminder deur bydraes verreken teen uittreefondsenkelbedrae en uittree-annuïteite.

Mediese- en gestremdheidsuitgawes

Met die bepaling van belasting betaalbaar, kan individue 'n korting aftrek gegrond op:

- Maandelikse bydraes tot mediese skemas deur die individu wat die bydraes betaal het, tot en met R364 vir elk van die eerste twee persone wat deur sodanige mediese skemas gedek word, en R246 vir elke addisionele afhanklike. Hierdie korting word na verwys as 'n mediese-fonds-belastingkrediet; en in die geval van:
- 'n Individu wat 65 jaar en ouer is, of indien 'n individu, sy/haar eggenoot, of sy/haar kind 'n persoon met 'n gestremdheid is, 33.3% van die som van kwalifiserende mediese uitgawes betaal en deur die individu gedra, en 'n bedrag waarmee mediese-fondsbydraes, deur die individu betaal, drie maal die mediese-fonds-belastingkrediete vir die belastingjaar oorskry; of
- Enige ander individu, 25% van 'n bedrag gelyk aan die som van kwalifiserende mediese uitgawes wat deur die individu betaal en gedra is en 'n bedrag waarby die mediese-fondsbydraes wat deur die individu betaal is, die mediese-fonds-belastingkrediete vir die belastingjaar vier maal oorskry, beperk tot die bedrag wat 7.5% van belasbare inkomste oorskry (uittreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele uitgesluit).

Hierdie korting word na verwys as 'n addisionele mediese-fondskrediet.

Skenkings

Aftrekkings ten opsigte van skenkings aan bepaalde openbare weldaadsorganisasies is tot 10% van belasbare inkomste (uittreefondsenkelbedrae en skeidingsvoordele uitgesluit) beperk. Die bedrag skenkings wat 10% van die belasbare inkomste oorskry word as 'n skenking aan die kwalifiserende openbare weldaadsorganisasies in die volgende belastingjaar hanteer.

Toelae

Bestaanstoelae en -voorskotte

Waar die ontvanger verplig is om minstens een nag weg van sy/haar gewone plek van woning op sakereis te spandeer en die akkommodasie verwant aan sodanige toelaag of voorskot binne die Republiek van Suid-Afrika is, en die toelaag of voorskot word toegestaan om te betaal vir -

- Maaltye en toevallige kostes, word 'n bedrag van R570 per dag as bestee geag; of
- Toevallige onkoste, word 'n bedrag van R169 per dag as bestee geag.

Waar die akkommodasie verwant aan sodanige toelaag of voorskot buite die Republiek van Suid-Afrika is, word 'n bepaalde bedrag per land as bestee geag. Besonderhede oor hierdie bedrae word op die SARS-webtuiste (www.sars.gov.za) onder *Legal Counsel/Secondary Legislation/Income Tax Notices* gepubliseer.

Waar die ontvanger, omrede pligte van sy/haar kantoor of indienshouding, vereis word om minstens een nag weg van sy/haar gewone plek van woning te spandeer, word 'n terugbetaling of voorskot vir uitgawes, soos werklik deur die ontvanger aangegaan, vrygestel indien die ontvanger deur sy/haar prinsipaal toegelaat word om uitgawes aan te gaan op etes en ander toevallige kostes vir sodanige deel van die dag en die bedrag van die terugbetaling nie R176 oorskry nie.

Reistoelaag

Tariewe per kilometer, wat gebruik kan word met die bepaling van die toelaatbare aftrekking vir besigheidsreise teen 'n toelaag of voorskot, waar werklike koste nie geëis word nie, word met die gebruik van die volgende table bepaal:

Waarde van voertuig (BTW ingesluit) (R)	Vaste koste (R per jaar)	Brandstofkoste (c/km)	Instandhoudingkoste (c/km)
0 - 100 000	33 940	146.7	47.4
100 001 - 200 000	60 688	163.8	59.3
200 001 - 300 000	87 497	177.9	65.4
300 001 - 400 000	111 273	191.4	71.4
400 001 - 500 000	135 048	204.8	83.9
500 001 - 600 000	159 934	234.9	98.5
600 001 - 700 000	184 867	238.9	110.5
700 001 - 800 000	211 121	242.9	122.5
meer as 800 000	211 121	242.9	122.5

Let wel:

- 80% van die reistoelaag moet by die werknemer se besoldiging ingesluit word vir die berekening van LBS. Die persentasiedeel word verminder na 20% indien die werkgewer ooreenstem dat minstens 80% van die gebruik van die voertuig vir die belastingjaar vir besigheidsdoeleindes sal wees.
- Geen brandstofkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle onkoste van brandstofgebruik in die voertuig gedra het nie, en geen instandhoudingkoste mag geëis word indien die werknemer nie die volle instandhoudingkoste van die voertuig gedra het nie (bv. indien die voertuig deur 'n instandhoudingplan gedek word).
- Die vaste koste moet op 'n pro-rata basis verminder word indien die voertuig vir minder as 'n volle jaar nie vir besigheidsdoeleindes gebruik word nie.
- Die werklike afstand gedurende 'n belastingjaar gereis en die afstand gereis vir besigheidsdoeleindes, gestaaf deur 'n ritboek, word gebruik om die koste te bepaal wat teen 'n reistoelaag geëis kan word.

Alternatiewelik:

Waar 'n toelaag of voorskot gegrond is op die werklike afstand deur die werknemer vir besigheidsdoeleindes gereis, is geen belasting betaalbaar op 'n toelaag wat deur 'n werkgewer aan 'n werknemer betaal is nie, tot en met 'n tarief van R4.76 per kilometer, ongeag die waarde van die voertuig. Alhoewel, hierdie alternatief is nie beskikbaar indien ander vergoeding in die vorm van 'n toelaag of terugbetaling (buiten vir parkering of tolgelde) ten opsigte van die voertuig van die werkgewer ontvang is nie.

Ander aftrekkings

Buiten die aftrekkings hierbo uiteengesit, mag 'n individu slegs aftrekkings teen besoldigingsinkomste of toelae eis in beperkte bepaalde situasies, bv. slegte skuld ten opsigte van salaris.

Byvoordele

Voertuie in werkgewersbesit

- Die belasbare waarde is 3.5% van die bepaalde waarde (die kontantkoste, BTW ingesluit) per maand vir elke voertuig. Waar die voertuig:
 - » Met die aankoop van die voertuig deur die werkgewer, die voertuig die onderwerp van 'n instandhoudingplan is, is die belasbare waarde 3.25% van die bepaalde waarde; of
 - » Deur die werkgewer bekom is ingevolge 'n bruikhuurkontrak, is die belasbare waarde die koste aangegaan deur die werkgewer ingevolge die bruikhuurkontrak plus die brandstofkoste.
- 80% van die reistoelaag moet by die werknemer se besoldiging ingesluit word vir die berekening van LBS. Die persentasiedeel word verminder na 20% indien die werkgewer ooreenstem dat minstens 80% van die gebruik van die voertuig vir die belastingjaar vir besigheidsdoeleindes sal wees.
- Met aanslag, word die byvoordeel vir die belastingjaar verminder deur die verhouding van die afstand gereis vir besigheidsdoeleindes, deur 'n ritboek gestaaf, gedeel deur die werklike afstand gereis gedurende die belastingjaar.
- Met aanslag, is verdere verligting beskikbaar vir die onkoste van lisensie, versekering, instandhouding en brandstof vir privaatgebruik indien die volle onkoste daarvan deur die werknemer gedra is, en indien die afstand gereis vir privaatdoeleindes deur 'n ritboek gestaaf word.

Rente-vrye of lae-rente lenings

Die verskil tussen rente teen die amptelike koers opgelê en die werklike bedrag rente opgelê moet by bruto inkomste ingesluit word.

Residensiële akkommodasie

- Die waarde van die byvoordeel wat by bruto inkomste ingesluit moet word, is die kleinste van die voordeel bereken deur die toepassing van die voorgeskrewe formule, of die werkgewer se onkoste, indien die werknemer nie volle eienaarskap van die akkommodasie het nie.
- Die formule is van toepassing indien die akkommodasie deur die werknemer besit word, maar dit is nie van toepassing op vakansie-akkommodasie wat deur die werkgewer by nie-geassosieerde instansies gehuur word nie.

INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE

Jare van aanslag wat eindig op enige datum tussen 1 April 2025 en 31 Maart 2026.

Soort	Belastingkoers
Maatskappye	27% van belasbare inkomste

INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKE-ONDERNEMINGS

Jare van aanslag wat op enige dag tussen 1 April 2025 en 31 Maart 2026 eindig.

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers (R)
1 – 95 750	0% van belasbare inkomste
95 751 – 365 000	7% van belasbare inkomste bo 95 750
365 001 – 550 000	18 848 + 21% van belasbare inkomste bo 365 000
550 001 en hoër	57 698 + 27% van die bedrag bo 550 000

INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKE-ONDERNEMINGS

Jare van aanslag wat op enige dag tussen 1 April 2025 en 31 Maart 2026 eindig.

Belasbare omset (R)	Belastingkoers (R)
1 – 335 000	0% van belasbare omset
335 001 – 500 000	1% van belasbare omset bo 335 000
500 001 – 750 000	1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000
750 001 en hoër	6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000

INWONERSBASIS VAN BELASTING

BELASTING VAN KAPITAALWINS

Kapitaalwins op die beskikking van bates word by belasbare inkomste ingesluit. Maksimum effektiewe belastingkoers:

Individue en spesiale trusts	18%
Maatskappye	21.6%
Ander trusts	36%

Aangeleenthede wat 'n beskikking tot gevolg kan hê, sluit verkoop, skenking, verruiling, verlies, afsterwe en emigrasie in. Die volgende is sommige van die bepaalde uitsluitings:

- R2 miljoen wins of verlies op die beskikking van 'n primêre woning;
- Meeste persoonlike-gebruik bates;
- Uittreevoordele;
- Betalings ten opsigte van oorspronklike langtermynversekeringpolisse;
- Jaarlikse uitsluiting van R40 000 kapitaalwins of -verlies - aan individue en spesiale trusts toegestaan;
- Kleinsake-uitsluiting van kapitaalwinste van R1.8 miljoen vir individue (minstens 55 jaar van ouderdom) wanneer 'n kleinsake-onderneming, met 'n markwaarde wat nie R10 miljoen oorskry nie, beskik word; en
- Die jaarlikse uitsluiting vir individue is verhoog tot R300 000 in die jaar van afsterwe.

DIVIDENDBELASTING

Dividendbelasting is 'n finale belasting teen 'n koers van 20% op dividende betaal deur inwonende maatskappye, en nie-inwonende maatskappye ten opsigte van aandele op die Johannesburgse aandelemark of ander Suid-Afrikaans-gelisensieerde markte gelys.

Dividende is vrygestel van belasting indien die begunstigde eienaar van die dividend 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, uittreefonds of ander vrygestelde persoon is. Nie-inwonende begunstigde eienaars van dividende kan in beperkte omstandighede voordeel trek uit verlaagde belastingkoerse.

Die belasting moet teruggehou word deur maatskappye wat die belasbare dividende betaal of deur gereguleerde tussengangers in die geval van dividende op gelysde aandele. Die belasting op dividende in natura (buiten in kontant) is betaalbaar en word gedra deur die maatskappy wat die dividend verklaar en betaal.

ANDER TERUGHOUBELASTING

In beperkte omstandighede mag die toepaslike belastingkoers verlaag word ingevolge 'n belastingooreenkoms met die land van inwoning van 'n nie-inwoner.

Tantieme

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op die bruto-bedrag tantieme van 'n Suid-Afrikaanse bron betaalbaar aan nie-inwoners.

Rente

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op rente van 'n Suid-Afrikaanse bron betaalbaar aan nie-inwoners. Rente is vrygestel indien betaalbaar by enige sfeer van die Suid-Afrikaanse regering, 'n bank, of indien die skuld op 'n erkende beurs gelys is.

Buitelandse vermaak- en sportpersone

'n Finale belasting teen 'n koers van 15% word opgelê op bruto bedrae betaalbaar aan nie-inwoners vir aktiwiteite deur hulle binne Suid-Afrika as vermaak- of sportpersone beoefen.

Beskikking van onroerende eiendom

'n Voorlopige belasting word teruggehou namens nie-inwonende verkopers van onroerende eiendom in Suid-Afrika, en moet teen die normale belastingaanspreeklikheid van die nie-inwoners verreken word. Die belasting wat teruggehou moet word van betalings aan die nie-inwoners is teen 'n koers van 7.5% vir 'n nie-inwonende individu, 10% vir 'n nie-inwonende maatskappy, en 15% vir 'n nie-inwonende trust wat die onroerende eiendom verkoop.

ANDER BELASTINGS, REGTE EN HEFFINGS

Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

BTW word gehef teen die standaardkoers van 15% op goedere en dienste deur geregistreerde ondernemers gelewer. Die koers styg vanaf 1 Mei 2025 tot 15.5% en vanaf 1 April 2026 tot 16%.

'n Ondernemer wat belasbare leweransies van meer as R1 miljoen per jaar maak moet vir BTW registreer. 'n Ondernemer wat belasbare leweransies van meer as R50 000 maak, maar nie meer as R1 miljoen per jaar nie, mag aansoek doen vir vrywillige registrasie. Bepaalde leweransies is onderhewig aan 'n nulkoers of is van BTW vrygestel.

Hereregte

Hereregte is met intreding 1 April 2025 teen die onderstaande koerse betaalbaar op transaksies wat nie aan BTW onderhewig is nie.

Aankoop van eiendom deur alle persone:

Waarde van eiendom (R)	Koers
1 – 1 210 000	0% van die waarde
1 210 001 – 1 663 800	3% van die waarde bo R1 210 000
1 663 801 – 2 329 300	R13 614 + 6% van die waarde bo R 1 663 800
2 329 301 – 2 994 800	R53 544 + 8% van die waarde bo R 2 329 300
2 994 801 – 13 310 000	R106 784 +11% van die waarde bo R2 994 800
13 310 en hoër	R1 241 456 + 13% van die waarde wat R13 310 000 oorskry

Boedelbelasting

Boedelbelasting word gehef op eiendom van inwoners en Suid-Afrikaanse eiendom van nie-inwoners minus toelaatbare aftrekkings. Die reg word gehef op die belasbare waarde van 'n boedel teen 'n koers van 20% op die eerste R30 miljoen, en teen 'n koers van 25% bo R30 miljoen.

'n Basiese aftrekking van R3.5 miljoen is toelaatbaar in die bepaling van 'n boedel se aanspreeklikheid vir boedelbelasting, asook aftrekkings vir laste, beskikkings aan openbare weldaadsorganisasies en eiendom toegeval aan oorlewende eggenote.

Skenkingsbelasting

- Skenkingsbelasting word gehef teen 'n vaste koers van 20% op die kumulatiewe waarde van eiendom wat sedert 1 Maart 2018 geskenk is en nie R30 miljoen oorskry nie, en teen 'n koers van 25% op die kumulatiewe waarde van eiendom sedert 1 Maart 2018 geskenk is en R30 miljoen oorskry.
- Die eerste R100 000 van eiendom wat in elke jaar deur 'n natuurlike persoon geskenk is, is van skenkingsbelasting vrygestel.
- In die geval van 'n belastingpligtige wat nie 'n natuurlike persoon is nie, word die vrygestelde skenkings tot toevallige geskenke beperk wat nie R10 000 per jaar in totaal oorskry nie.
- Beskikkings tussen eggenote en Suid-Afrikaanse groepmaatskappye en skenkings aan bepaalde openbare weldaadsorganisasies is van skenkingsbelasting vrygestel.

Effektebelasting

Die belasting word opgelê teen 'n koers van 0.25% op die oordrag van gelysde of ongelysde effekte. Effekte behels aandele in maatskappye of ledebelange in beslote korporasies.

Vaardigheidontwikkelingsheffing (VOH)

'n VOH is deur werkgewers betaalbaar teen 'n koers van 1% van die totale besoldiging wat aan werknemers betaal word. Werkgewers wat jaarlikse besoldiging van minder as R500 000 betaal is van die betaling van vaardigheidontwikkelingsheffings vrygestel.

Werkloosheidversekeringbydraes

Werkloosheidversekeringbydraes is maandeliks deur werkgewers betaalbaar op die basis van 'n bydrae van 1% deur werkgewers en 1% deur werknemers, op die basis van werknemers se besoldiging onder 'n bepaalde bedrag.

Werkgewers wat nie vir LBS- of VOH-doeleindes geregistreer is nie, moet die bydraes oorbetal aan die kommissaris van werkloosheidversekering.

SARS RENTEKOERSE

Rentekoers (vanaf 1 Februarie 2025)	Koers
Byvoordele - rentevrye of lae-rente lenings in Rand (amptelike koers)	8.5% per jaar.
Rentekoers (vanaf 1 Maart 2025)	Koers
Laat of onderbetaling van belasting	11.25% per jaar
Terugbetaling of oorbetalings van voorlopige belasting	7.25% per jaar
Terugbetaling van belasting op suksesvolle appèl of waar die appèl deur SARS toegegee is	11.25% per jaar
Terugbetaling van BTW na voorgeskrewe tydperk	11.25% per jaar
Laat betaling van BTW	11.25% per jaar
Doeane en aksyns	11.25% per jaar

BEGROTING Hoogtepunte


Persoonlike inkomstebelastingkortings en belastingkerwe word nie aangepas nie.



BTW styg op 1 Mei 2025 van **15%** tot **15.5%** en op 1 April 2026 tot **16%**.



BTW-nulkoers word op bepaalde eetbare afval, bepaalde vleissnitte, ongegeurde suiwel vloeistofmengsels en bepaalde geblikte groente ingestel om arm huishoudings te help.



Styging van **6.75%** in aksynsregte op alkoholiese drankies.



Styging van **6.75%** in aksynsregte op sigare en pyptabak, en **4.75%** op sigarette en ander tabakprodukte.



Geen verandering aan die algemene brandstofheffing en padongelukkefondsheffing nie.



Hereregte is aangepas vir die uitwerking van inflasie.



Geen ad valorem aksynsregte op laerwaarde slimfone nie.

